Bybel vir Kinders

bied aan



Elisa, Man van Wonderwerke

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Lazarus; Alastair Paterson
Aangepas deur: Ruth Klassen
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Daar was nie genoeg osse
om die ploeg te trek nie.
Nog een was nodig. Dit
het nie die jong boer,
genoem Elisa gekeer nie!

Hy het hom eenvoudig saam met die beeste ingespan en die plek van die vermiste bees geneem. Hy moes 'n sterk, slim en hardwerkende man gewees het.

Elisa was besig om te ploeg
wanneer God se profeet
Elia daar kom en hom roep.
Die jong man het sy plaas
verlaat om God se dienaar
te wees. Een dag het God
Elia na die hemel gevat in
'n storm. Elisa was nou
God se profeet
van Israel.

Elisa was hartseer omdat Elia weg was, hy gebid dat God hom krag sou gee soos vir Elia. Elisa het Elia se mantel opgetel en hy het die vloeiende rivier geslaan soos Elia het.
Die water het verdeel! Elisa het nou geweet dat God met hom was.

Elisa was op pad
na 'n dorp met
die naam Bet-el,
'n paar jeugdiges
het hom bespot
en geroep, "Gaan op,
kaalkop!" Hulle het
nie omgegee dat Elisa
God se dienaar was
nie. 'n Skokkende ding
het met hulle gebeur.
Twee vroulike bere
het uit die bos gekom
en twee en veertig van
die jeug verskeur.

Een dag het Elisa 'n weduwee gekry wat geld geskuld het wat sy nie kon betaal nie. Haar skuldeiser wou die weduwee se twee seuns neem as slawe om so sy geld te kry. "Gaan leen vate van al jou bure ... leë kruike," het Elisa gesê. God gaan iets wonderlik doen vir die vrou.



Die weduwee het net 'n klein potjie olie in die huis gehad. Van daardie klein potjie gooi sy genoeg olie uit om al die kanne vol te maak! As hulle baddens gehad het in daardie dae, dink julle God sou dit ook vol gemaak het? Die weduwee het die olie verkoop en so haar seuns gered.



'n Vrou en haar man het 'n spesiale kamer in hul huis gehad sodat Elisa daar kon woon as hy daar was. In die kamer het hulle 'n bed, tafel, stoel en 'n lamp neersit. Die kamer was altyd gereserveer vir Elisa.



Elisa het gewonder hoe kon hy die egpaar se goedheid terugbetaal. Hy het gehoor hulle het geen kinders nie. Hy het iets gesê wat die vrou skaars kon glo. “Hierdie tyd volgende jaar sal jy 'n seun omhels.” Verseker, 'n jaar later, is die baba gebore.

'n Paar jaar later was dieselfde kind in die veld saam met sy pa. "My kop, my kop," het die seuntjie gehuil. Toe het hulle die seun na sy ma geneem, hy het op haar knieë gesit tot die middag en gesterwe. Die ma het die seun op die bed in Elisa se kamer neergesit. Wie dink jy kan haar help?



Het jy gesê Elisa? Dit is reg! Sy het 'n donkie opgesaal en met volle spoed gegaan om hom te vind. Elisa het na haar huis gekom, hy het die trappe opgegaan en tot die HERE gebid. God het die seun terug gebring na die lewe. Elisa het die vrou geroep en gesê: "Tel op jou seun." Hoe gelukkig moes sy gewees het!





In die nabygeleë land van Sirië was 'n leër bevelvoerder genoem Naäman. Hy was dapper en sterk, maar hy het 'n verskriklike vel siekte genaamd melaatsheid gehad.

Naäman se vrou het 'n klein slawe meisie gehad wat in Israel gevange geneem is. Hierdie klein dogtertjie het gesê: "As ek Naäman net by die profeet wat in Israel is kan kry, dan sal hy genees word van sy melaatsheid."



Naäman het dadelik gegaan om die profeet te sien. Hy het silwer, goud, en 'n pragtige klere as geskenke geneem.



Elisa se dienaar het uitgekom en gesê: "Gaan was jou in die Jordaan sewe keer en jy sal rein wees." Naäman was woedend. Hy kon nie was in die skoon, vars riviere van sy eie land, Sirië nie? Kwaad het hy omgedraai en op sy pad huistoe gegaan.



Gelukkig vir Naäman het sy dienaars hom omgepraat om gehoorsaam te wees aan Elisa se opdrag. So het Naäman afgegaan en hom sewe maal in die Jordaan gedoop.

En Naäman, die
melaatse is genees
Naäman het die wa
God aanbid, Elisa s
God, die HERE w
hom genees het va
melaatsheid.

God het sy dienaar Elisa gebruik selfs nadat hy dood is. Een dag is 'n man begrawe in die grot waar Elisa lank gelede begrawe is. Die dooie man se liggaam het aan die profeet se bene geraak, die man het herleef en opgestaan. Waarlik, God het sy groot krag bewys deur sy getroue kneg, Elisa.

Elisa, Man van Wonderwerke

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

2 Konings 2-13

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16